

IN DIE HOOGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA
(ORANJE-VRYSTAATSE PROVINSIALE AFDELING)

Saaknommer : 916/2003

In die saak tussen:

CJ VENTER NO	1st Applikant
JH JANSE VAN RENSBURG NO	2de Applikant
en	
BB (BEN) COETZEE	1st Respondent
JJ (KOBIE) COETZEE	2de Respondent
JE (JOHAN) COETZEE	3de Respondent
JA HUYSAMEN	4de Respondent
JKB FINANSIële BELEGGINGS	5de Respondent
SPAZAGO MANAGEMENT SERVICES BK	6de Respondent
TRESSO TRADING 351 (EDMS) BEPERK	7de Respondent
BLUESKEYE PRIVATE EQUITY (EDMS) BEPERK	8ste Respondent
BB (BEN) COETZEE NO (in sy hoedanigheid as trustee van die JOBENKO TRUST)	9de Respondent
JJ (KOBIE) COETZEE NO (in sy hoedanigheid as trustee van die JOBENKO TRUST)	10de Respondent
JE (JOHAN) COETZEE NO (in sy hoedanigheid as trustee van die JOBENKO TRUST)	11de Respondent
BB (BEN) COETZEE NO (in sy hoedanigheid as trustee van die BENJOKO TRUST)	12de Respondent

JJ (KOBIE) COETZEE NO 13de Respondent
(in sy hoedanigheid as trustee van die
BENJOKO TRUST)

JE (JOHAN) COETZEE NO 14de Respondent
(in sy hoedanigheid as trustee van die
BENJOKO TRUST)

BB (BEN) COETZEE NO 15de Respondent
(in sy hoedanigheid as trustee van die
COETZEE BROERS FAMILIE TRUST, IT5515/02)

JJ (KOBIE) COETZEE NO 16de Respondent
(in sy hoedanigheid as trustee van die
COETZEE BROERS FAMILIE TRUST, IT5515/01)

JE (JOHAN) COETZEE NO 17de Respondent
(in sy hoedanigheid as trustee van die
COETZEE BROERS FAMILIE TRUST, IT5515/01)

BB (BEN) COETZEE NO 18de Respondent
(in sy hoedanigheid as trustee van die
ESM TRUST)

JJ (KOBIE) COETZEE NO 19de Respondent
(in sy hoedanigheid as trustee van die
ESM TRUST)

JE (JOHAN) COETZEE NO 20ste Respondent
(in sy hoedanigheid as trustee van die
ESM TRUST)

COETZEE BOERDERY VENNOOTSKAP 21ste Respondent

CORAM: **BECKLEY, R**

AANGEHOOR OP: **3, 4, 5, 6 & 7 MEI 2004**

GELEWER OP: **17 JUNIE 2004**

Die applikante hierin is die likwidateurs van BSM Marketing Management (Edms) Bpk, 'n maatskappy wat op 4 November 2002 in finale likwidasië geplaas is. In hul voormelde hoedanigheid as likwidateurs het hulle die Hof op 14 Maart 2003 *ex parte* genader om 'n bevel *nisi* wat, onder andere, die volgende behels het:

“2.1 Dat dit verklaar word dat BSM Marketing Management (Edms) Bpk 'n onwettige skema bedryf het op een of meer of almal van die volgende basisse:

2.1.1 deurdat dit 'n onwettige piramidale beleggerskema was;

2.1.2 deurdat dit 'n onwettige skema was soos in die vooruitsig gestel in Regulasie 1135, uitgevaardig in terme van artikel 12(6) van die Wet op Verbruikersake (onbillike sake praktyke) Wet No. 71 van 1988, soos gepubliseer in Staatskoerant 20169 gedateer 9 Junie 1999;

2.1.3 deurdat dit onwettig bedryf was op 'n wyse strydig met die bepalings van artikel 11 van die Bankwet, Wet No.94 van 1990;

2.1.4 deurdat dit op 'n onwettige bedrieglike wyse bedryf is, met die oogmerk om die beleggingspubliek te mislei.

2.2 Dat dit verklaar word dat die respondente deelgeneem het aan die voormelde onwettige skema van BSM Marketing Management (Edms) Bpk, alternatiewelik dat hulle willens en

wetens begunstigdes was van gemelde onwettige skema;

2.3 Dat die respondente gesamentlik en afsonderlik, die een betaal die ander kwytskyeld te word, aanspreeklik gestel word vir die skulde van BSM Marketing Management (Edms) Bpk, ingevolge die bepalings van artikel 24(1) van die Maatskappewet, Wet No.61 van 1973, in die bedrag van R50 410 095,00.

2.4 Alternatiewelik tot 2.3, dat die respondente ingevolge die bepalings van artikel 423 van die Maatskappewet gelas word om gesamentlik en afsonderlik, die een betaal die ander kwytskyeld te word, die bedrag van R50 410 095,00 aan die applikante in hul hoedanigheid as likwidateur van BSM Marketing Management (Edms) Bpk terug te betaal.

2.5

2.6

2.7

2.8 Dat magtiging aan die applikante verleen word vir die openbaarmaking en gebruik van die getuienis wat afgelê is voor die Kommissie van Ondersoek, asook magtiging aan die applikante om hierdie aansoek te kan loods, in terme van onderskeidelik die bepalings van artikel 214(7) en artikel 387 gelees met artikel 386 van die Maatskappewet, Wet No.61 van 1973.”

‘n Bevel *nisi* is verleen ooreenkomstig voormelde smeekbedes en dit is voorts gelas dat die bevel in smeekbedes 2.6, 2.7 en 2.8 hierbo sal dien as ‘n tussentydse interdik met onmiddellike werking. Die keerdatum van die bevel *nisi* wat verleen is, is daarna van tyd tot tyd verleng totdat die aansoek vir vyf (5) dae ter rolle geplaas is vir die beredenering daarvan. Die rede vir laasgenoemde is omdat die aansoekstukke intussen eskaleer het tot 2522 bladsye. Daarbenewens is die oorkonde van die ondervraging voor adv. H.A.L. Schreuder in opdrag van die Meester van die Hooggeregshof ook voor die Hof geplaas wat 1207 bladsye beslaan, asook die aansoekstukke en uitspraak van ‘n aansoek wat in die Transvaalse Provinsiale Afdeling aangehoor is deur Van der Walt, R op 19 Maart 2002 en wat in totaal 1067 bladsye beslaan. Nadat die datum bepaal is vir die aanhoor van die aansoek, is betoogshoofde ingedien van bykans 330 bladsye tesame met kennisgewings van deurhaling van sekere gedeeltes van die oorkonde.

Alvorens die betoë van die advokate op die meriete aangehoor kon word, is ‘n reeks aspekte *in limine* geopper namens en ten behoeve van die respondente deur onderskeidelik mnre. Ploos van Amstel en Danzfuss. Vanweë die omvang van die argumente van die hoofaansoek en ten einde

‘n verdaging of uitstel te vermy, wat sou volg indien uitspraak voorbehou moes word ten opsigte van enige van die aansoeke wat *in limine* geopper is, het die Hof slegs ‘n bevinding gemaak ten aansien van die aspekte wat *in limine* beredeneer is en aangedui dat redes, indien nodig, later ingedien sal word. Nadat die betoë rakende die meriete van die hoofaansoek afgehandel is, is ek versoek om redes te verskaf rakende die *locus standi* van die applikante en, tweedens, die vraag rakende die toelaatbaarheid van die verrigtinge voor die Kommissaris.

Ek handel eerstens met die kwessie van die *locus standi* van die applikante. Mnr. Ploos van Amstel, namens sommige van die respondente, en mnr. Danzfuss, namens die oorblywende respondente, se argumente rakende hierdie aspek het gewentel om die bepalings van artikel 386 en artikel 387 van die Maatskappywet, Wet No.61 van 1973, en was kortliks as volg: Kragtens artikel 387 word voorgeskryf wat die prosedure is wat deur ‘n likwidateur gevolg moet word by die administrasie van die bates van die maatskappy, naamlik om eers opdragte te neem van die skuldeisers. Indien daar meningsverskil bestaan onder die skuldeisers, kan die likwidateur by die Meester aansoek doen om opdragte; wanneer die Meester weier om opdragte te gee, kan die likwidateur by die Hof aansoek doen. In die onderhawige geval blyk dit

nie, aldus die betoog, duidelik te wees of die Meester versoek is om magtiging te verleen vir die instel van die onderhawige verrigtinge nie. 'n Skrywe van die Meester gedateer 14 Maart 2003 word wel aangeheg waaruit die volgende blyk:

“ U skrywe dateer 25/02/03 verwys.
Vanweë beleidsoorwegings kan ek nie toestem tot die gebruik van die getuienis indien alle ander partye daartoe nie kennis ontvang het nie.

Indien sodanige kennis in die omstandighede nie gegee kan word nie, kan ek as gevolg daarvan nie magtiging verleen vir die bring van die aansoek nie.

Ek laat dit in die diskresie van die Agbare Hof.”

Betreffende die brief, meld die eerste applikant in die stawende verklaring die volgende:

“In en as gevolg van voormelde beleidsoorweging van die Meester van die Hooggeregshof, is dit daarby inbegrepe dat hy nie magtiging kan verleen onder die bepalings van artikel 387 gelees met artikel 386 van die Maatskappywet, Wet No.61 van 1973 nie, en word sodanige magtiging ten opsigte van die openbaarmaking van gemelde getuienis asook die loods van hierdie aansoek, eerbiediglik, in die lig van die feite in hierdie aansoek vervat, van die Agbare Hof versoek”.

Die Meester handel nie, na my mening, in die skrywe met verlof of magtiging om die aansoek te loods nie, aangesien hy nie versoek is om sodanige magtiging te verleen nie. Hy handel slegs met die openbaarmaking van die verrigtinge voor die Kommissaris. Artikel 387 handel met die administrasie van 'n bate van 'n boedel en is nie relevant by oorweging van die *locus standi* van die likwidadeurs nie.

Voorts het mnre. Ploos van Amstel en Danzfuss betoog dat, kragtens die bepaling van artikel 386(4) van die Maatskappywet bepaal dat die likwidadeurs die bevoegdheid het om in die naam van die maatskappy enige aksie of geregtelike stappe van 'n siviele aard kan instel onderhewig aan die voorbehoud in artikel 386(4)(a), rakende die nodige magtiging van die Meester. Na my mening is artikel 386(4)(a) ook nie op die onderhawige aansoek van toepassing nie, aangesien dit nie “geregtelike stappe vir die verhaal van bestaande rekenings” is nie. Ek is ook verwys na 'n aantal beslissings, waarmee ek kortliks wil handel: In

TURNOVER HOLDINGS (PTY) LTD v SAPHI (PTY) LTD 1997 (1)

SA 263 (T) het Horwitz, AR beslis dat, waar 'n likwidadeur bates van 'n maatskappy wou vervreem, hy eers die toestemming van die Meester moet verkry, en, indien die Meester sou weier om toestemming te

verleen, die likwidateur die Hof kan nader. Hierdie beslissing handel dus ook met die administrasie van die bate van 'n boedel, en is dus op die feite geheel en al onderskeibaar van die beginsels wat ter sprake is in die onderhawige aansoek.

Daar is tot 'n groot mate, as 'n alternatiewe argument wat die eerste aspek *in limine* betref, gesteun op **TOUBKIN NO v DöNGES NO 1951 (3) SA 72 (T)** waar Blackwell, R 'n aansoek van die hand gewys het en die likwidateur gelas het om die koste *de bonis propriis* te betaal aangesien die (applikant) likwidateur nie beweer het dat hy gemagtig was om die aansoek te bring nie. In **WAISBROD v POTGIETER AND OTHERS 1953 (4) SA 502 (W)** het Ramsbottom, R, hom as volg uitgelaat met betrekking tot die **TOUBKIN**-saak:

“In *Toubkin N.O. v Dönges N.O.*, Blackwell, J. held that a liquidator has no power to institute an “action or other legal proceedings of a civil nature” unless he has been authorised by a resolution of creditors and contributories. He dismissed the application and ordered the liquidator, who had brought it without the authority of a resolution, to pay the costs *de bonis propriis*. That case undoubtedly supports Mr Munnik’s contention, but it is in conflict with *Tannenbaum’s*

Executors and Tannenbaum v Quakley and Liquidator of Varachia Store (Pty) Ltd., 1940 WLD 209, a case decided by me. In that case a liquidator applied for leave to intervene as a defendant in an action for provisional sentence. It was objected that as he was not duly authorised to do so by a resolution of creditors and contributories leave to intervene could not be granted. The objection was overruled on two grounds, first that the liquidator had shown that he was duly authorised to apply for leave to intervene, and second that the objection was not one which the plaintiffs were entitled to take. In dealing with the second ground I said (at p. 214):

“*Buckley on the Companies Acts* (11th ed., p.419) contains the following statement: ‘The defendant to proceedings brought by the liquidator in the name of the company cannot take the objection that the sanction of the Court has not been obtained,’ and the authority relied upon by the learned author, namely, *Dublin City Distillery v Doherty* clearly establishes the proposition. Mr *Brink* did not contend that a different rule would apply under the Union Companies Act, and if a defendant cannot object that a liquidator who sues in the name of the company is not duly authorised, then similarly the objection cannot be taken by the respondent to the liquidator’s application to intervene”.

This statement was not *obiter*, it was one of the grounds of the decision. That decision is supported by *Patel v Paruk’s Trustee* 1944

AD 469 and *Alli v Premier Timber Co & Another* 1952 (1) SA 689 (N). Neither *Tannenbaum v Quakley* nor *Patel v Paruk's Trustee* was quoted by counsel in *Toubkin NO v Dönges NO* nor was either of those cases mentioned in the judgment; they appear to have been overlooked. The decision in *Tannenbaum v Quakley* has not been shown to be wrong. I must therefore consider myself bound by my own earlier decision and I hold that it is not open to the respondents to object that the applicant is not duly authorised to make this application.”

Die geleerde skrywer Meskin (**Henochsberg on the Companies Act**) som die trefwydte van artikel 386(4) van die Wet as volg op te p.821 *infra*:

“The failure by a liquidator to obtain the authority requisite for the purpose is not fatal to any proceedings brought by him against a third party because it is not open to the latter to challenge the liquidator’s authority. As were those of s 130(2)(a) of the 1926 Act, the provisions of s 386(4)(a) have been enacted for the protection of creditors and members and to prevent the assets of the company from being squandered in useless litigation; if the liquidator were to be unable effectively to act without authority such protection may be lost; but if he in fact acts without authority then, as between himself and the company, he may have to bear the

costs personally see *Blou v Lampert and Chipkin NNO* 1973 (1) SA 1 AD at 14-15; *Bowman NO v Sacks* 1986 (4) SA 459 (W) at 461. In *Toubkin NO v Dönges NO* 1951 (3) SA 72 (T) it was held that the liquidator's lack of authority was fatal to the proceedings; this conclusion, which was not followed in either the *Waisbrod* case *supra* or the *Sifris* case *supra*, was, it is respectfully submitted, wrong."

Vergelyk ook die kommentaar van Blackman en Andere, **Commentary on the Companies Act**, Juta Vol.3, par 14 p.330-331.

Na my mening is die respondente in die omstandighede dus in ieder geval nie geregtig om die applikante se *locus standi* te bevraagteken nie, en, vir voormelde redes, is die betrokke punt *in limine* afgewys.

Vervolgens moet oorweeg word of die applikante geregtig is om die getuienis wat voor die Kommissie afgelê is, te openbaar. Die agtergrond hieromtrent is kortliks as volg: Nadat die applikante aangestel is as voorlopige likwidateurs, het dit na hul mening duidelik geword dat 'n in-diepte ondersoek na die sake van die maatskappy nodig was en is adv. H.A.L. Schreuder as Kommissaris aangestel. Een van die terme van die aanstelling lees as volg:

“6. Die inhoud van hierdie aansoek en alle verrigtinge hieropvolgens sal konfidensieel en privaat gehou word en sal nie openbaar word sonder die vooraf magtiging van die Meester van die Hooggeregshof, Vrystaatse Provinsiale Afdeling nie.”

Voormelde bewoording stem in breë terme ooreen met artikel 417(7) van die Maatskappywet, wat as volg lees:

“(7) ‘n Ondervraging of ondersoek kragtens hierdie artikel of artikel 418 en enige aansoek daarom is privaat en vertroulik, tensy die Meester of die Hof, hetsy in die algemeen of ten opsigte van ‘n besondere persoon, anders gelas.”

Wat betref die getuienis wat afgelê is voor die Kommissaris, het ek reeds hierintevore verwys na die bewerings in die stawende verklaring met betrekking tot die rede daarvoor. Ek het reeds ook hierintevore verwys na die skrywe van die Meester gedateer 14 Maart 2003.

Mnr. Danzfuss se betoog rakende die skrywe is dat daar geen aanduiding is dat kennis van die aansoek nie aan die ander partye - *in casu* die respondente - gegee kan word nie en dat die Meester derhalwe nie finaal geweier het om toestemming te verleen tot die openbaarmaking van die

getuienis nie. Ek kan nie met hierdie benadering saamstem nie, aangesien dit duidelik die applikante se houding was dat vooraf kennis van die aansoek nie aan die respondente gegee kan word nie, en klaarblyklik was die skrywe van die applikante se prokureurs aan die Meester gedater 25 Februarie 2003 ook tot daardie effek. Na my mening het die Meester nie voorsien of verwag dat die applikante aan die respondente kennis sal gee van die aansoek en dan die Meester daarna weer versoek om toestemming te verleen nie, aangesien die Meester nie in daardie omstandighede te kenne sou gegee het dat hy dit oorlaat aan die Hof se belissing om magtiging te gee nie. Die houding van die Meester was derhalwe dat hy finaal weier om die nodige toestemming te gee en dat hy dan die applikante uitnooi om die Hof te nader. Eerste en vierde respondente se houding dat hulle hul lot bekla het omdat hulle onder die indruk gebring is dat die ondervraging vertroulik sal bly toe hulle getuienis afgelê het, is nie na my mening van wesenlike belang nie. Die getuienis wat afgelê is deur, in die besonder eerste en vierde respondente, is getuienis wat onder eed afgelê is en dit is ondenkbaar dat hulle getuienis sou verskil indien hulle besef het dat dit later openbaar sou word. Daarbenewens was hulle ook verplig om op alle vrae wat aan hulle gestel is voldoende antwoorde te verskaf. Vir voormelde redes is die tweede aspek wat *in limine* geopper is, derhalwe ook beslis teen die respondente. Soos hierinlater sal blyk,

neem ek glad nie die getuienis wat voor die Kommissaris, Schreuder, gelei is in aanmerking wanneer die hoofaanzoek oorweeg word nie.

Die regsverteenwoordigers was *ad idem* dat sekere feitegeskille bestaan wat sommige van die smeekbedes van die hoofaanzoek betref en dat dit nie op die stukke beslis kan word nie. Wat die hoofaanzoek betref, is ek dus voornemens om sekere geskille te verwys vir die aanhoor van mondelinge getuienis. Die vraag van die toelaatbaarheid van die getuienis wat afgelê is voor die Kommissaris en die bewyswaarde daarvan is aspekte wat derhalwe by die verhoor beslis kan word en meen ek dat dit nie raadsaam is dat ek op hierdie stadium enige mening uitspreek met betrekking tot die toelaatbaarheid van die getuienis van een deponent teen 'n ander of die bewyswaarde daarvan nie.

Ek handel vervolgens met die hoofaanzoek. Mnr. Zietsman se betoog was dat paragraaf 2.1 van die bevel *nisi* bekragtig kan word en het toegegee dat, wat die balans van die smeekbedes betref, dit verwys moet word vir die aanhoor van mondelinge getuienis. Mnre. Ploos van Amstel en Danzfuss het aan die hand gedoen dat die bevel *nisi* opgehef moet word, vanweë die feitegeskille asook die feit dat die applikante nie aangetoon het dat hulle 'n saak uitgemaak het vir bekragtiging van die

bevel *nisi* nie.

Wat betref die werkswyse van Blueskeye en dié se opvolger, BSM Marketing Management (Edms) Bpk, die huidige maatskappy in likwidasie, bestaan daar 'n wesenlike feitegeskil. Die applikante beweer dat 'n piramideskema bedryf is, terwyl die respondente beweer dat hulle op 'n behoorlike en regmatige wyse beleggersgelde aangewend het om blokke aandele in voorgenoteerde maatskappye vir en namens die beleggers gekoop en daarna teen 'n wins verhandel het. Die wyse waarop 'n Hof moet handel met 'n feitegeskil, is as volg uiteengesit deur Corbett, AR, soos hy destyds was, in **PLASCON-EVANS PAINTS LTD v VAN RIEBEECK PAINTS (PTY) LTD 1984 (3) SA 623 (A) te 634H:**

"It seems to me, however, that this formulation of the general rule, and particularly the second sentence thereof, requires some clarification and, perhaps, qualification. It is correct that, where in proceedings on notice of motion disputes of facts have arisen on the affidavits, a final order, whether it be an interdict or some other form of relief, may be granted if those facts averred in the applicant's affidavits which have been admitted by the respondent, together with the facts alleged by the respondent, justify such an order. The power of the Court to give such final relief on the papers before it is, however, not confined to such a situation. In certain circumstances the denial by respondent of a fact

alleged by the applicant may not be such as to raise a real, genuine or *bona fide* dispute of fact (see in this regard ***Room Hire Co (Pty) Ltd v Jeppe Street Mansions (Pty) Ltd*** 1949 (3) SA 1155 (T) at 1163-5; ***Da Mata v Otto NO*** 1972 (3) SA 858 (A) at 882D-H). If in such a case the respondent has not availed himself of his right to apply for the deponents concerned to be called for cross-examination under Rule 6(5)(g) of the Uniform Rules of Court (*cf* ***Petersen v Cuthbert & Co Ltd*** 1945 AD 420 at 428; ***Room Hire*** case *supra* at 1164) and the Court is satisfied as to the inherent credibility of the applicant's factual averment, it may proceed on the basis of the correctness thereof and include this fact among those upon which it determines whether the applicant is entitled to the final relief which he seeks Moreover, there may be exceptions to this general rule, as, for example, where the allegations or denials of the respondent are so far-fetched or clearly untenable that the Court is justified in rejecting them merely on the papers”

In **ADMINISTRATOR, TRANSVAAL AND OTHERS v THELETSANE AND OTHERS** 1991 (2) SA 192 (A) het Botha, AR die posisie as volg saamgevat te **197A**:

“For my purpose it is enough to say that in motion proceedings, as a general rule, decisions of fact cannot properly be founded on a consideration of the propabilities, unless the Court is satisfied that

there is no real and genuine dispute on the facts in question, or that the one party's allegations are so far-fetched or clearly untenable as to warrant their rejection merely on the papers, or that *viva voce* evidence would not disturb the balance of probabilities appearing from the affidavits."

Sien ook **1982 (3) SA 893** (**ASSOCIATED SOUTH AFRICAN BAKERIES (PTY) LTD v ORYX & VEREINIGTE BÄCKEREIEN (PTY) LTD EN ANDERE** A) te **923G** waar Botha AR dit as volg

saamvat:

"As algemene uitgangspunt kan 'n applikant in mosieverrigtinge op finale regshulp van die soort wat hier ter sprake is op die stukke en sonder die aanhoor van mondelinge getuienis aanspraak maak slegs as dit blyk dat hy op sodanige regshulp geregtig is op grondslag van die bewerings wat gemaak word deur die respondent en sodanige van die applikant se bewerings as wat deur die respondent erken word Ek sal na hierdie posisie verwys as die algemene reël wat geld by mosieverrigtinge. Op die algemene reël is daar wel uitsonderings, soos bv waar die bewerings of die ontkenninge van die respondent so vergesog of klaarblyklik onhoudbaar is dat die verwerping daarvan bloot op die stukke geregverdig is."

Mnr. Ploos van Amstel se betoog in hierdie verband was dat die vraag of paragraaf 2.1 van die kennisgewing van mosie bekragtig behoort te word,

dus beoordeel moet word op die opponerende verklarings van die eerste en vierde respondente. Uiteraard behoort nie na die gemelde verklarings in isolasie gekyk word nie, maar teen die agtergrond van die bewerings gemaak in die stawende verklarings, tesame met die aanhangsel daartoe. Ek meen egter dat dit aangewese is dat die verslae van Deloitte & Touche asook die getuienis wat tydens die ondervraging voor die Kommissaris afgelê is, buite rekening gelaat (behoort te) word en om dan te bepaal, teen voormelde agtergrond van die stawende stukke, of die weergawe van die respondente dermate vergesog en onhoudbaar is dat dit bestempel kan word as inherent onwaarskynlik en dat dit vir daardie rede verwerp kan word. Ek is nie gevra om die bekragtiging van smeekbede 2.1 van die kennisgewing van mosie te verwys vir die aanhoor van mondelinge getuienis nie. Mnr. Zietsman se betoog was dat smeekbede 2.1 óf bekragtig óf opgehef behoort te word en het hy uiteraard die Hof versoek om dit te bekragtig. Om te bepaal of dit bekragtig behoort te word, is ek voornemens om slegs te let op die inhoud van die opponerende verklarings van, in die besonder, die eerste en tweede respondente, tesame met die aanhangsels daartoe.

Die feitelike agtergrond wat aanleiding gegee het tot die aansoek kan kortliks as volg saamgevat word: Eerste respondent het grootgeword in

die Edenburg distrik. Hy was talle jare betrokke by die boerdery-gemeenskap en was terdeë bewus van die moeilike finansiële omstandighede waaronder die boere gebuk gegaan het. Gedurende die begin van 1999 het hy met ene Pretorius van die Management Advisory Trust in verbinding getree. Pretorius het aan hom verduidelik hoe winste gegenereer kan word deur beleggings te doen in die kapitaalmarkopsies. Nadat hy hom vergewis het van die detail, het hy die hele skema rakende kapitaalmarkopsies met die boere bespreek en dit aan hulle verduidelik. Hulle het belanggestel om betrokke te raak en hy het voorgestel dat die beleggings aan hom gemaak word, dat hy die beleggings van die hoofsaaklik boeregemeenskap in “hulpfondse” sal groepeer en dat hy dan op ‘n maand tot maand basis die geld vanuit die hulpfonds oorbetaal aan Management Advisory Trust sodat laasgenoemde beleggings op die kapitaalmark kan doen met die geld wat die boere by hom, eerste respondent, inbetaal het. Hy het as besigheidsnaam besluit op JKB Finansiële Beleggings (vyfde respondent) en het daarna begin om beleggings te neem en kwitansies uit te reik. Hy het gebruik gemaak van sy eie spaarrekening te Absa Bank, Edenburg. Die meerderheid van die beleggers, indien nie almal nie, se beleggings is aan eerste respondent handeldrywende as JKB Beleggings in kontant betaal, dit wil sê banknote. Vanuit daardie rekening is vanaf Juniemaand 1999,

R148 000,00 oorbetaal na Management Advisory Trust, R301 000,00 op 8 September 1999 en R73 000,00 op 26 November 2000. In totaal het hy 'n bedrag van R572 100,00 by die Management Advisory Trust belê wat 'n totale opbrengs gelewer het van R680 439,27.

Gedurende Junie 1999 het die eerste respondent gevoel dat hy meer kennis behoort in te win rakende beleggings in aandele en het hy te hore gekom van 'n beleggingsbesigheid wat in die Goudveld bedryf is deur ene Jurie Erwee. Erwee het onder die naam en styl van Stilbo Stocks in buitelandse waarborge belê en het aansienlike opbrengs gewaarborg: minstens 50% opbrengs is uitgekeer na 4 tot 6 maande. Op 17 Augustus 1999 het die een-en-twintigste respondent, klaarblyklik met die medewerking van die eerste respondent, R300 000,00 by Stilbo Stocks belê. Opeenvolgende beleggings is namens en ten behoeve van kliënte deur bemiddeling van die eerste respondent by Stilbo Stocks belê in 'n totale bedrag van R7 627 543,00. Ten aansien van elkeen van die beleggers is 'n sertifikaat van ontvangs uitgereik, ingevolge waarvan 50% groei op die belegging gewaarborg was binne 4 tot 6 maande. Die opbrengs is deur Stilbo Stocks oorbetaal aan Nelfin Makelaars, wat dit dan aan JKB Finansiële Beleggings oorgedra het vir verrekening aan eerste respondent se kliënte. Die geld is met gereelde tussenposes van 4

tot 6 maande uitbetaal en die gewaarborgde opbrengs is deurgaans gehandhaaf. Ongelukkig, aldus die eerste respondent, het Jurie Erwee hom aan die einde van 2000 meegedeel dat hy die beleggingsbesigheid gaan staak. Stilbo Stocks was op daardie stadium R4 973 720, 19 aan JKB Finansiële Beleggings se kliënte verskuldig. Geen sent van voormelde bedrag is ooit terug ontvang vanaf Stilbo Stocks nie, aangesien Blueskeye die totale besigheid van JKB Finansiële Beleggings oorgeneem het, het Blueskeye die verpligtinge van Stilbo Stocks oorgeneem.

Benewens beleggings te maak by Stilbo Stocks, is ander beleggings deur die eerste respondent gemaak by ander maatskappye, onder andere, YTECH en Blueskeye en het hy, op die stadium toe hy die slegte nuus verneem het vanaf Erwee rakende Stilbo Stocks, reeds persoonlik R1,7-miljoen aan kommissie verdien uit beleggings wat hy by YTECH gemaak het. Eerste respondent was bereid om R867 713,20 van sy eie fondse aan te wend om kliënte te betaal wat geld by Stilbo Stocks belê het, latende 'n balans van R4 106 006,90. Blueskeye het daarna YTECH aandele aan die beleggers in Stilbo Stocks laat uitreik vir laasgenoemde bedrag.

Intussen, en wel op 31 Augustus 2000, het eerste respondent vir vierde

respondent ontmoet. Op daardie stadium was vierde respondent nog in diens van YTECH Holdings Bpk, maar het hy later Spazago Management Services BK h/a Blueskeye (sesde respondent) begin om as onafhanklike party aandele van YTECH te bemark. Eerste en vierde respondente het kort na hulle ontmoet het, besluit om kragte saam te snoer en het Blueskeye Private Equity (Edms) Bpk, die agste respondent, die lig gesien. Luidens vierde respondent se verklaring, is 'n rakmaatskappy, Tresso Trading 251 (Edms) Bpk (sewende respondent) aangekoop en is die naam verander na Blueskeye Private Equity (Edms) Bpk wat geïnkorporeer is op 26 Maart 2001, met die eerste en vierde respondente as enigste direkteure. Eerste respondent sou die Bloemfontein kantoor hanteer, met ander woorde beleggings inneem, terwyl vierde respondent in Kaapstad die aankope van ongenoteerde aandele sou hanteer. Eerste respondent beklemtoon die feit dat geen belegger of koper van aandele deur bemiddeling van Blueskeye enige illusies gehad het rakende hul beleggings nie: Hulle het geweet dat die geld wat hulle belê *via* JKB Beleggings en *via* Blueskeye gebruik word om ongenoteerde aandele aan te koop in opkomende maatskappye, welke aandele weer teen 'n wins op die ope mark oor die toonbank oftewel “Over the Counter” of “OTC” verhandel is, wat 'n hoë opbrengs “gewaarborg” het, in die sin dat beleggers 45% wins sou ontvang op hul

kapitaal binne 'n periode van 4 tot 6 maande. Benewens die feit dat beleggers deurgaans 45% wins ontvang het op hul beleggings, het eerste respondent kommissie verdien op die aankope van YTECH aandele en wel in die bedrag van R1 683 040,61 vir die tydperk 31 Augustus 2000 tot 2 Februarie 2001, en het hy ook kommissie verdien in die bedrag van R1 161 314,48 gedurende die tydperk 3 Februarie 2001 tot en met 16 Maart 2002.

Vierde respondent handel in sy opponerende verklaring breedvoerig met die werksaamhede van Blueskeye. Hy verduidelik dat Blueskeye 'n aktiewe rolspeler was in die waagkapitaalmark, wat hoofsaaklik daarop gemik was om nuwe opkomende maatskappye te ondersteun en te kapitaliseer. Sodanige “start-up” maatskappye neem gewoonlik drie jaar om hulle tot by wasdom te neem en maak gewoonlik vir die eerste tydperk 'n verlies voordat dit gelykbreek en dan daarna begin (om) wins te lewer. Hy verduidelik die werksaamhede van Blueskeye as volg:

“37.24 Die hoë risiko van die belegger, bring egter ook die potensiaal van buitengewone hoë opbrengste en winste: Wanneer 'n belegger op die “grondvloer” inkom, is die beloning vir die risiko wat hy geneem het om die nuwe

of opkomende maatskappy te ondersteun, gewoonlik baie groot, veral wanneer die maatskappy later op 'n sekuriteite of effekte beurs genoteer word. In so 'n geval vind publieke verhandeling van die aandele plaas ooreenkomstig markpersepsies en markkragte wat 'n maklike uitgang ("exit") verseker en hoë opbrengste, veral indien die belegger 'n groot blok ongenoteerde aandele teen lae waarde kon inkoop (omdat die maatskappy nog nie 'n wins geskiedenis het nie) en dit dan later teen 'n aansienlike premie kan verkoop.

37.33 Soos hierinlater meer volledig aangetoon, het Blueskeye Private Equity (Edms) Bpk sake gedoen deur blokke aandele teen afslagpryse namens en behoeve van kliënte aan te koop, dit as genomineerde van daardie kliënte ooreenkomstig 'n skriftelike volmag in 'n poel te hou, aan opvolgende kopers te verhandel en om terselfdertyd die maatskappy waarin aandele opgeneem is, finansiële te ondersteun vir doeleindes van suksesvolle notering van daardie aandele, wat enorme opbrengste sou verseker

- (g) Die direksie van 'n ongenoteerde maatskappy besluit naamlik self oor die waarde van die maatskappy se ongenoteerde aandele aan die hand van toekomstige verdienste wat bepaal word aan die hand van konserwatiewe winsprojeksies;
- (h) Blueskeye Private Equity (Edms) Bpk, die agste respondente hierin, het nie die reg om van 'n direksie te verskil aangaande die prys van ongenoteerde aandele nie: die keuse is eenvoudig, of daardie aandele word teen die

bepaalde prys opgeneem, of 'n ander maatskappy se aandele word aangekoop. Wat Blueskeye Private Equity (Edms) Bpk egter wel met uitnemende hoogte suksesvol bewerkstelling het, was om sogenaamde “deep discounting” met sodanige direksies te beding, deurdat aandele in blokke aangekoop is wat groot diskonto's in die hand gewerk het (sogenaamde “wholesaling”). Hierdie blokke aandele word verder meer nie in 'n enkele maatskappy aangekoop nie, maar in meerdere “start-up companies” ten einde die risiko te versprei, soos hierbo uiteengesit.

- 39.5 Ons het 'n maksimum geplaas op die opbrengs wat 'n verkoper van aandele op sodanige verkoop sou kry (“cap”), tot 'n maksimum van 45%. Hierdie bo-perk het slegs gegeld ten aansien van die opbrengs wat die verkoper van die aandele gekry het: Inderwaarheid is die aandele egter teen 'n veel groter wins verhandel, waaruit kommissies, administrasiekoste en dies meer geneem is, sodat die koper van aandele altyd waarde vir sy koopsom gekry het. Indien 'n persoon vir Blueskeye byvoorbeeld opdragte sou gee om namens en ten behoeve van hom ongenoteerde aandele ten bedrae van R10

000,00 aan te koop, het hy die volle waarde van R10 000,00 ontvang in ongenoteerde aandele. Baie van die aankopers was boere en hul fondse is in 'n gesamentlike hulpfonds geplaas sodat aankope van aandele per blok gedoen kon word, wat Blueskeye in staat gestel het om aandele teen 'n sterk diskonto aan te koop, en sodoende wins te behaal vir die aandeelhouer wanneer hy sy aandele verkoop.

So byvoorbeeld, kon Blueskeye daarin slaag om 'n prys van 16 sent by YTECH Holdings Bpk te beding, terwyl die aandele van daardie maatskappy op daardie stadium oor die toonbank verhandel het teen 25 sent: dit was die heersende OTC-prys, maar Blueskeye het dit teen 'n sterk diskonto bekom.

- 49.7 By herverkoop van daardie aandele, selfs indien die maatskappy genoteer sou word teen 'n aansienlike premie, sou daardie aandele egter steeds in opdrag van die aandeelhouer namens hom verhandel word, maar sou die aandeelhouer steeds nie meer as 45% wins op sy aandele-transaksie neem nie; die addisionele wins sou teruggeploeg word in die maatskappy self, wat die waarde en potensiaal van die maatskappy sou vergroot en sodoende waarde sou skep vir aandeelhouders en ook vir die maatskappy.”

Vierde respondent verduidelik voorts dat Blueskeye namens en ten behoeve van kliënte aandeelportefeuljes bekom het in verskeie maatskappye, wat in verskillende stadia van ontwikkeling was: sommige was reeds sterk winsgewend, en op die punt van notering; ander was in 'n ontwikkelingsfase en ander was by gelykbreekpunt. Dit was duidelik Blueskeye se doelwit om 'n sterk belang en verteenwoordiging in swart bemagtigingsmaatskappye te bekom. Blueskeye Private Equity (Edms) Bpk is later – die datum blyk nie uit die stukke nie - omskep in BSM Marketing (Edms) Bpk, die maatskappy waarvan die applikante tans die likwidadeurs is. Vierde respondent sit in sy verklaring ook uiteen welke aandeelhouding Blueskeye gehou het kort voor Januarie 2002, toe die werksaamhede daarvan gestaak is. Die aandeelhouding is, aldus vierde respondent, in onder meer Duka Holdings Bpk, Eclipse-New Media Agency (Pty) Ltd, Airless Tyres South Africa Limited, The United Arbitration Forum Holdings Limited, Tactec (Pty) Ltd en Africa's Best 177 Beperk. Vierde respondent meld ongelukkig nie wanneer of op welke stadium of datums voormelde aandele aangekoop is of teen watter prys nie.

Dit het tydens beredenering van die aansoek geblyk hoofsaaklik uit die betoog van mnr. Ploos van Amstel, dat Blueskeye beleggersgelde slegs in

drie entiteite belê het, naamlik YTECH Holdings, The United Arbitration Forum en Africa's Best 177 Holdings Ltd. Voormelde betoog van mnr. Ploos van Amstel was strydig met die indruk wat ekself (en so ook mnr. Zietsman namens die applikante) gehad het aangesien nóg eerste respondent nóg vierde respondent dit enigsins uitdruklik vermeld. My eie indruk was dat beleggersgelde belê is deur Blueskeye in die maatskappye waarin vierde respondent beweer Blueskeye 'n belang gehad het, byvoorbeeld Duka Holdings (12% belang), Airless Tyres SA (5% belang), Duka Information Technology Ltd (7%). Voormelde indruk dat beleggersgelde inderdaad nie net in drie entiteite gekoop is nie, blyk uit die volgende passasie van die vierde respondent:

“(dd) Op Aanhangsel AH95(A) word aangedui dat die bedrag van R21 476 423,60 aan opkomende maatskappye uitbetaal is ten aansien van die aankoop van blokke ongenoteerde aandele, soos uiteengesit word in Aanhangsel AH98 hiertoe.”

Voormelde aanhangsels wat aangeheg is tot Huysamen se verklaring, toon allermens dat blokke ongenoteerde aandele gekoop is in slegs bogemelde drie maatskappye, en toon inderdaad aan dat daar ook belê is in maatskappye soos Airless Tyres SA, Duka Holdings Ltd, en Duka Information Technology. Ek sal vir doeleindes van hierdie aspek, aanvaar dat beleggersgelde slegs in drie maatskappye belê is, soos aanvanklik deur

mnr. Ploos van Amstel aan die hand gedoen of slegs twee maatskappye, soos hy in sy aanvullende betoogshoofde uiteengesit het, naamlik YTECH en The United Arbitration Forum, ondanks die bewering van vierde respondent dat hy gedien het op al die maatskappye waarin beleggings gemaak is se direksies, terwyl hy op sy eie weergawe ‘n direkteur was van onder andere Duka Holdings, Eclipse-New Media Agency, Duka Media Holdings, Airless Tyres SA, maar inderdaad nie van YTECH nie. Voorts meld die vierde respondent uitdruklik dat “opeenvolgende verhandelings van die ongenoteerde aandele het in die aandeelhouderspoel plaasgevind ooreenkomstig ‘n bestuurde toedelingsrekening”, met ander woorde dat aandele klaarblyklik nooit aan buitestaanders verkoop of verhandel is nie, maar by herhaling, telkens weliswaar teen ‘n hoër prys wat deur die direksie van die ongenoteerde maatskappy bepaal is, aan latere beleggers. Daar is geen sprake van verhandeling van beleggers se aandele aan kopers wat nie *via* JKB Beleggings geld belê het nie. Vierde respondent erken ook dat kontant-transaksies plaasgevind het in dié sin (soos beweer deur applikant) dat nuwe beleggers se kontant nie in die spaarrekening van JKB, eerste respondent of Blueskeye se bankrekening gedeponeer is nie, maar om vroeëre beleggers in kontant uit te betaal. Dit word ook nie deur eerste of vierde respondent betwis dat hierdie kliënte wat op ‘n stadium wou

aandele koop, wel soms aandele by bestaande aandeelhouders gekoop het nie.

Voorts blyk dit uit vierde respondent se verklaring dat 'n skrywe deur Blueskeye ontvang is gedateer 16 Oktober 2001 waarin die Registrateur van Banke beweer dat hy vermoed dat Blueskeye die besigheid van 'n bank bedryf. 'n Paar dae later het mnre. Alberts, Spies en Stander by die Blueskeye kantore te Bloemfontein aangemeld, gewapen met aanstellings van die Vise-President van die Reserwe Bank. Hulle het as inspekteurs namens die Reserwe Bank telefonies in verbinding getree met Blueskeye se kliënte en sakevennote. Die gevolg was dat Blueskeye sy verhandeling van ongenoteerde aandele moes terughou. In die proses is sakevertroue ernstig geskaad en het van die maatskappye begin swaarkry omdat Blueskeye hul kapitalisering- en bedryfskoste moes terughou. Vanweë die feit dat Blueskeye sy sake-aktiwiteite en investering moes staak, het verskeie maatskappye, wat daardie befondsing broodnodig gehad het finansiëel ondergegaan en is maatskappye wat op daardie stadium kapitaalkragtig was, gelikwideer, onder andere, The Shopping Matrix.Com, YTECH Holdings Bpk, Insectonet, Airless Tyres SA. Ander maatskappye waarin Blueskeye belê het, is tans dormant, soos byvoorbeeld Eyedea, Duka Oil (Pty) Ltd, Tactec en Dual Elements.

In die lig van die voormelde bewerings van die eerste en vierde respondente onderskeidelik in hul beëdigde verklarings, moet die vraag beantwoord word of 'n *bona fide* feitegeskil bestaan tussen die applikante en die respondente. Indien wel, moet die bevel *nisi* opgehef word. Indien die feitegeskil nie *bona fide* is nie, en die bewerings of ontkenning van die respondente so vergesog is of klaarblyklik onhoudbaar is dat die verwerping daarvan bloot op die stukke geregverdig is, is die applikante geregtig op bekragting van paragraaf 2.1 van die kennisgewing van mosie. Ek het tot die gevolgtrekking geraak, na deeglike oorweging van die bewerings in die respondente se stukke, dat die weergawes van eerste en vierde respondente inderdaad bestempel kan word as vergesog en onhoudbaar, en dat daar nie 'n wesenlike en *bona fide* feitedispuut bestaan nie. Die redes vir voormelde bevinding is die volgende:

1. Ek sal aanvaar dat hierdie Hof nie geregtelik kennis kan neem van rentekoerse nie, enersyds omdat die omvang van geregtelike kennis baie gering is (ROWE v ASSISTANT MAGISTRATE, PRETORIA 1925 TPA 361 te 368) en andersyds dat, soos wisselkoerse verskil van tyd tot tyd, rentekoerse ook wissel en

daarom nie 'n alombekende feit is nie (vgl. **BARCLAYS BANK OF SWAZILAND v MNYEKETI 1992 (3) SA 425 (W)**). Die Hof kan egter geregtelike kennis neem van die persentasie rentekoerse soos afgekondig in die Staatskoerant van tyd tot tyd uit hoofde van die bepalings van die Woekerwet, Wet No. 73 van 1968. In Staatskoerant 20997 van 24 Maart 2000 is die rentekoerse van 22% afgekondig vir doeleindes van artikel 21(1) van die Woekerwet. In Staatskoerant No. 22631 van 7 September 2001 is die rentekoers verminder na 21% (waar die geldwaarde van die hoofskuld R10 000,00 oorskry) en in Staatskoerant No. 22801 gedateer 9 November 2001 is die rentekoers verminder na 20% in soortgelyke gevalle. As verdere maatstaf meen ek dat gelet kan word op die *moratore* rentekoers, wat te alle tersaaklike tye hiertoe 15,5% per jaar was. Daarteenoor is die rentekoerse wat in die onderhawige saak ter sprake is 45% oor 'n periode van 4 tot 6 maande: op die beste vir die respondente beteken dit dan dat, indien die kapitaal belê word vir 'n periode van 6 maande en daarna, na die verstryking van die eerste 6 maande vir 'n tweede termyn van 6 maande, die rente-opbrengs 90% per jaar is. Die verskil tussen voormelde rentekoerse van 15,5% tot 22% in terme van voormelde wetgewing en 90%, is sodanig dat dit onrealisties

op sigself voorkom en sonder twyfel aanduidend is daarvan dat die respondente se weergawe onrealisties en nie *bona fide* is nie.

2. Daar is geen sprake in die opponerende verklarings van enige aanvangskapitaal waaroor Blueskeye beskik het of kon aanwend om aandele te koop in eie reg uitgesonderd die wins wat op die verhandeling gemaak is nadat die belegger sy 45% “groei” ontvang het nie. Daar is ook geen sprake daarvan dat, terwyl Blueskeye sake gedoen het en blokke aandele gekoop het namens beleggers, dit enige aandele namens, of ten behoeve van buitestaanders gedoen het nie, dit wil sê persone wat nie deur middel van die hulpfondse of deur JKB Beleggings gelde belê het nie. Daar is byvoorbeeld geen aanduiding dat Blueskeye aandele gekoop het met geld wat nie in die hulpfondse was of wat nie deur bemiddeling van die eerste respondent geïm is nie. Aanvanklik, volgens die Deurlopende Opeenvolgende Verhandelingsregister in Aandele, Poel-verband van Toegekende OTC Ongenoteerde Aandele gehou deur genomineerde, Blueskeye Equity, wat aangeheg is by die vierde respondent se verklaring as Bylae “AH74” (p.761 e.v.) blyk dit dat vanaf 29 Augustus 2000 tot en met 29 November 2000 Blueskeye slegs by YTECH

voorgenoteerde aandele gekoop het, en wel teen 16 sent per aandeel en dat dit weer verhandel is teen 25 sent per aandeel gedurende 20 Desember 2000 tot 30 Maart 2001. Anders gestel, is die “ou beleggers” se geld aangewend om aandele te koop teen 16 sent en ‘n paar maande later is die “ou beleggers” se aandele weer verhandel teen 25 sent aan Blueskeye se “nuwe beleggers”. Die winsgrens ten aansien van dié betrokke transaksies, is 56%. Daarna is die aandele wat deur die “nuwe beleggers” aangekoop is teen 25 sent per aandeel, gedurende die periode 7 Desember 2000 tot 1 Februarie 2001 verkoop teen 40 sent per aandeel, met ander woorde met 60% wins. Laasgenoemde verkooptransaksies sou plaasgevind het gedurende die periode 30 April 2001 tot 29 Junie 2001. Gedurende die periode 1 Februarie 2001 tot 10 Februarie 2001 is aandele weereens aangekoop teen 16 sent per aandeel en op 29 Junie 2001 verkoop vir 25 sent per aandeel. Volgens die vierde respondent se weergawe sou Blueskeye se inkomste, nadat die beleggers se wins “gecap” is teen 45%, aanvanklik (11)% beloop het, en, wat die daaropvolgende transaksies betref, waar die aandele verkoop is teen 40 sent, sou Blueskeye se inkomste bestaan uit 15% “wins”, synde die verskil tussen die 45% wat aan die belegger uitbetaal word en die 60% wins wat behaal is. Daar is

geen aanduiding in die Verhandelingsregister van YTECH aandele wat teen 29 sent verhandel is, soos vierde respondent beweer in paragraaf 60(a)(cc)(viii) (p.598) nie.

Gedurende die tydperk 29 Augustus 2000 tot 29 Junie 2001, dit wil sê 'n periode van ongeveer 10 maande, was die wins wat Blueskeye toegeval het, derhalwe, bereken teen 11 of 15%, 'n geringe bedrag wanneer voormelde persentasiepunte in aanmerking geneem word. Uit winste Blueskeye toegekom, sou Blueskeye nie eers in staat gewees het om 20% kommissie, soos die eerste respondent beweer hy geregtig was om te ontvang, te betaal nie. Dit blyk ook uit die Verhandelingsregister dat die aandele in The United Arbitration Forum aangekoop is vanaf 1 Julie 2001 tot 30 November 2001 en verkoop is in die periode 27 November 2001 tot 26 April 2002, dit wil sê baie lank nadat die skrywe van die Registrateur van Banke op 16 Oktober 2001 ontvang is.

3. Benewens die 45% wins wat terugbetaal is aan die beleggers as rente, het die groepkoste, dit wil sê kommissies en infrastruktuur en bedryfskoste volgens die vierde respondent die bedrag van R7 834 592,31 beloop. Hy verwys in sy opponerende verklaring

na 'n aanhangsel gedateer 28 Februarie 2003 (Bylae "AH95(A), p.1223; Huysamen p.601 paragraaf (ff)). Klaarblyklik sou die "groepkoste" ook van toepassing gewees het gedurende die eerste 10 maande. Op die syfers waarna ek hierbo verwys het, inaggenome die winsgrens, sou dit onmoontlik gewees het om die agentekommissie te betaal, en is daar nie sprake dat daar 'n *bona fide* inkomste vir Blueskeye was wat aangewend kon word vir bedryfskoste en infrastruktuur nie.

4. Dit blyk ook voorts uit Aanhangsel "AH95(A)" dat die bedrag van R21 467 423,60 aan opkomende maatskappye uitbetaal is. Hierdie bedrae moes klaarblyklik betaal word uit die wins wat Blueskeye gemaak het nadat beleggers 45% na 'n periode van 6 maande ontvang het. (Vierde respondent p.600 (dd), Aanhangsel "A98" p.1305). Die bedrag van R21 467 423,60 kan net, op die betoog van mnr. Ploos van Amstel, die bedrag wees waarmee Blueskeye in eie reg aandele gekoop het, en wat hulle klaarblyklik nooit gehad het nie.

5. 'n Bedrag van R4 106 006,00 van Blueskeye se fondse is aangewend om YTECH aandele te koop om die skade wat

beleggers in Stilbo Stocks sou gely het, nadat Stilbo Stocks nie verder uitbetaal het nie, te vergoed.

6. Wanneer in gedagte gehou word dat Blueskeye op 26 Maart 2001 geïnkorporeer is, en dat die werksaamhede gestaak is op 16 Oktober 2001 of kort na die ontvangs van die brief van die Registrateur van Banke, is dit des te meer onwaarskynlik dat Blueskeye, benewens die 45% wat aan beleggers uitbetaal is, uit hulle eie wins die volgende bedrae kon betaal:

Bedryfskoste ten bedrae van	R 7 834 592,00
Beleggings in opkomende maatskappye	R 21 467 423,00
Stilbo Stocks	<u>R 4 106 006,00</u>
Totaal	<u>R33 408 021,00</u>

Om te beweer, soos die respondente doen, dat hierdie tipe opbrengs gegenereer kon word deur in twee maatskappye blokke aandele te verkoop, is na my mening nie net vergesog nie, maar met eerbied, absurd.

7. Die tydperk waarbinne aandele volgens die Verhandelingsregister aangekoop is, rym nie met die tydperk waarbinne Blueskeye sake gedoen het nie: die Register dui aan dat die aankope gedoen is vanaf 29 Augustus 2000 en die laaste The United Arbitration Forum -aandele waarvan die verkoopprijs aangegee is, verkoop is op 20 Junie 2001. Daarna, tot en met 26 April 2002, en derhalwe nadat Blueskeye reeds sy bedryfsbesigheid moes gestaak het, word die verkoopprijs van die pryse van die aandele in The United Arbitration Forum aangedui as “TBA”, met ander woorde, “To Be Announced”.

8. Ondanks die feit dat beide eerste en vierde respondente beweer dat omsigtigheidnasoeke gedoen is met betrekking tot al die

opkomende maatskappye waarin Blueskeye belê het (sien vierde respondent p.509 paragraaf 38), is daar geen aanduiding dat dit wel gedoen is in die geval van enige van die maatskappye waarin belê is nie. Daarom is dit myns insiens nie vreemd dat die maatskappye waarin belê is, feitlik almal ondergegaan het toe Blueskeye sy befondsings gestaak het nie. Die afleiding is onweerstandbaar dat vierde respondent die maatskappye gestig het nadat Blueskeye gestig is, met die doel om die betrokke maatskappye, waarvan hy 'n direkteur was, finansieel te ondersteun deur die beleggersgelde wat Blueskeye veronderstel was om aandele mee te koop daarvoor aan te wend.

9. Dit is nie maklik om te verstaan waarom die meerderheid van die beleggings in kontant inbetaal is by JKB Finansiële Beleggings se rekening in Edenburg nie. Weereens is die afleiding na my mening onweerstandbaar dat die rede daarvoor was dat die kontant van die een belegger aangewend is om vroeëre beleggers te betaal, sonder om aandele met die eerste beleggers of die tweede stel beleggers se kontant te koop. Dit, op sigself, is 'n kenmerk van 'n piramidesisteem.

10. Dit blyk dat alle aandele wat deur Blueskeye namens beleggers aangekoop is, weer aan latere beleggers verhandel is, en dat daar geen sprake is daarvan dat enige aandele, teen watter prys ookal, verkoop is aan buitestaanders nie. Die aaneenlopende binneverhandeling van aandele is duidelik ook 'n aanduiding dat die respondente besig was om 'n piramideskema te bedryf.

Voormelde bevindinge is gebaseer op mnr. Ploos van Amstel se betoog dat beleggersgelde slegs aangewend is om aandele te koop in YTECH en The United Arbitration Forum en in geen ander maatskappy nie. Ek het reeds daarop gewys dat dit my persepsie was dat die opponerende verklarings van eerste en vierde respondente vatbaar was vir die interpretasie dat beleggersgelde belê is in opkomende maatskappye (waarvan vierde respondent deurgaans 'n direkteur was) en wat 'n sterk swart bemagtigingsagtergrond het, soos byvoorbeeld blyk uit die raad van direkteure van die betrokke maatskappye. Indien hierdie persepsie korrek sou wees, en ek het 'n sterk vermoede dat dit inderdaad die geval was, ondanks mnr. Ploos van Amstel se betoog, is vierde respondent se weergawe des te meer vergesog vanweë die volgende redes:

- (a) Al die maatskappye waarin Blueskeye op hierdie interpretasie van die stukke belê het, is baie jong maatskappye, wat maar vir 'n kort periode bestaan het voordat Blueskeye sy werksaamhede moes staak: Volgens die registrasienommers van die maatskappye is vier daarvan

gedurende 2000 geregistreer, naamlik Duka Holdings Ltd, Duka Media, ATSA (Airless Tyres SA) en Africa's Best 177 Bpk. Vier ander maatskappye is so onlangs soos 2001 geregistreer, naamlik Eclipse, Duka IT, Duka Development en Eyedea. Dit moet in gedagte gehou word dat Blueskeye eers op 26 Maart 2001 geïnkorporeer is.

(b) Die vierde respondent is op sy eie weergawe bewus van die teorie dat 'n maatskappy gewoonlik drie jaar (die spreekwoordelike duisend dae) kan neem voordat dit gelykbreek;

(c) Indien vierde respondent beleggersgelde aangewend het om aandele in die betrokke opkomende maatskappye te bekom, soos hy beweer Blueskeye met hulle eie fondse gedoen het, is dit ondenkbaar dat die aandele na 4 tot 6 maande sou kon verkoop teen 45% wins of meer; vierde respondent verkies om nie te openbaar wat die datums is waarop voormelde aandele gekoop is nie.

(d) Indien beleggersgelde aangewend is om die aandele in jong maatskappye te koop, met ander woorde indien dit nie Blueskeye se geld in eie reg was wat in jong maatskappye belê is nie, maak dit sin dat byna al die jong maatskappye ondergegaan het toe die vloei van beleggersgelde *via* Blueskeye na die opkomende maatskappye gestaak is;

(e) Die feit dat beleggersgelde nie net in die twee voormelde maatskappye, YTECH en The United Arbitration Forum belê is nie, maar inderdaad in die kleiner jonger maatskappye, strook met eerste respondent se bewering dat hulle (Blueskeye) "aandele in 'n reeks maatskappye opneem"; (p.1471 paragraaf 12.10) en vierde respondent se

bewering dat kliënte se geld in verskeie opkomete maatskappye belê is (p.617, paragraaf 71.6).

- (f) Eerste respondent se bewering dat behoorlike en sorgvuldige omsigtigheidsnasoeke gedoen is in die maatskappye waarin Blueskeye belê het, dat almal enorme potensiaal getoon het; (p.1462 paragraaf 51.5), terwyl geen sodanige nasoeke gedoen is ten opsigte van YTECH en The United Arbitration Forum nie.

Voormelde interpretasie strook ook met die vierde respondent se bewerings dat Blueskeye namens en ten behoeve van kliënte aandele bekom het in “verskeie” maatskappye; Die maatskappye was in drie stadia: sommige sterk winsgewend, ander in ‘n ontwikkelingsfase en ander by gelykbreekpunt.

- (g) Hyself (vierde respondent) het op die Raad van Direkteure van al die maatskappye gedien waarin beleggings gedoen is namens beleggers, terwyl hyself nooit ‘n direkteur van YTECH was nie, en Blueskeye 61,627,704 aandele in YTECH gehad het. (p.598 paragraaf iv).

Ek is, uit hoofde van die redes hierbo uiteengesit, oortuig dat dit bewys is dat BSM Marketing Management (Edms) Bpk 'n onwettige skema bedryf het deurdat dit 'n onwettige piramidale skema was, en dat smeekbede 2.1.1 van die bevel *nisi* bygevolg bekragtig behoort te word. Wat betref smeekbede 2.1.2, naamlik die vraag of dit 'n onwettige skema was soos in die vooruitsig gestel deur Regulasie 1135, uitgevaardig in terme van artikel 12(6) van die Wet op Verbruikersake (onbillike sakepraktyke), Wet Nr. 71 van 1988, soos gepubliseer in Staatskoerant 20169 gedateer 9 Junie 1999 meen ek dat, vir dieselfde redes wat hierbo genoem is, en op vierde respondent se weergawe, dat die besigheid wat deur hulle bedryf is, bestempel kan word as 'n onbillike sakepraktyk.

Ek het reeds hierbo verwys na die aansoek voor Van der Walt, R waarin die bedrywigheide en werksamehede van Blueskeye Private Equity (Edms) Bpk ter sprake was en Van der Walt, R bevind het dat die besigheid wat onder die dekmantel van aandelebeleggings bedryf is, niks minder en niks meer was as 'n bedryf wat strydig is met die bepalinge van artikel 11 van die Bankwet, Wet Nr.94 van 1990 nie. Daar is geen verskil tussen die werksaamhede van Blueskeye en die wyse waarop die eerste en vierde respondente die saak van BSM Marketing Management

(Edms) Bpk bedryf het nie. Insgelyks meen ek derhalwe dat paragraaf 2.1.3 van die bevel *nisi* ook vir dieselfde redes bekragtig behoort te word. Dit volg, na my mening, dat smeekbede 2.1.4 ook bekragtig behoort te word, aangesien die werksaamhede van die eerste en vierde respondente, soos hierbo uiteengesit, die oogmerk gehad het om die beleggingspubliek te mislei. Die resultaat is dan dat smeekbede 2.1 van die bevel *nisi* in sy geheel bekragtig behoort te word.

Wat betref die oorblywende smeekbedes, dit wil sê vanaf 2.3 tot en met 2.6, was die regsverteenwoordigers *ad idem* dat hierdie smeekbedes se beregting verwys behoort te word vir die aanhoor van mondelinge getuienis. In die lig van die feit dat smeekbede 2.1 bekragtig word, meen ek dat die applikante geregtig is op die koste van die aansoek.

Derhalwe word die volgende bevel verleen:

1. Smeekbede 2.1 van die bevel *nisi* word bekragtig.
2. Die eerste en vierde respondente word gesamentlik en afsonderlik gelas om die koste van die aansoek te betaal.
3. Die geskilpunte wat bestaan rakende smeekbedes 2.2, 2.3, 2.4 en 2.5 van die bevel *nisi* word verwys vir die aanhoor van mondelinge getuienis ingevolge die bepalings van Hofreël 6(5)(g) van die Eenvormige Hofreëls.
4. Die getuienis sal dié wees van enige getuie wat die partye mag verkies om as sulks te roep, onderworpe aan die voorwaardes soos

uiteengesit in paragraaf 5 hieronder:

5. Behalwe vir die getuies in bogenoemde aansoek wat reeds beëdigde verklarings afgelê het in die aansoek, sal geen party geregtig wees om getuienis van enige persoon as 'n getuie aan te bied nie, tensy:

(a) sodanige party minstens 10 dae voor die datum waarop die getuienis aangehoor sal word, aan die teenparty 'n verklaring beteken het waarin 'n uiteensetting verskaf is ten aansien van die getuienis wat hoofsaaklik deur so 'n getuie afgelê sal word:

(b) die Hof, tydens die aanhoor van die getuienis, verlof aan 'n party verleen om sodanige getuie te roep afgesien van die feit dat geen sodanige verklaring soos in paragraaf (a) hierbo bedoel, dienooreenkomstig beteken is nie.

6. Die feit dat 'n party 'n verklaring beteken het ooreenkomstig paragraaf 5 hierbo, of as getuie gedagvaar word, sal nie 'n party verplig om sodanige getuie te roep in die omstandighede nie.

A.P. BECKLEY, R

Namens Applikante:

**Adv P Zietsman
Bygestaan deur Adv JG Gilliland
In opdrag van**

Naudes

**Namens 1ste, 4de, 5de
6de, 9de, 12de, 15de & 18de
Respondente:**

**Adv C Ploos van Amstel, SC
in opdrag van
Schoeman Maree Ing.**

**Namens 2de, 3de, 10de, 11de,
13de, 14de, 16de, 17de & 21ste
Respondente:**

**Adv FWA Danzfuss, SC
in opdrag van
Schoeman Maree Ing.**

/scd